# HENK HUMAN EN DIE MOORDLUSTIGE BREINDOKTER

★★★

Henk Human Reeks (4)

★★★

Jef van Staden

Bedags is dr. Wilder Steyn 'n geniale breinarts, 'n skitterende man wat ontsaglik veel doen om die lyding van sy medemens te versag . . . maar snags word hy 'n monster wat met soveel vaardigheid verwoesting kan aanrig, en dan maak dit vir hom nie saak wie hy in sy kloue kry nie.

Henk Human, koelhoofdig en onverskrokke, tas eers mis, maar kom gou-gou op die regte spoor, en dan is dit kaalvuis tot die bitter einde.

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Waarlik 'n Wonderwerk ... ... ... | 5 |
| 2. | Grusame Tonele ... ... ... ... | 17 |
| 3. | Human verras die Dokter ... ... ... | 27 |
| 4. | Die Skitterende Pleidooi ... ... ... | 37 |
| 5. | Die Swart Swaan ... ... ... ... | 48 |
| 6. | Mevrou Rina Steyn ... ... ... | 58 |
| 7. | Die Masker ... ... ... ... | 67 |
| 8. | Fantastiese Beskuldiging ... ... ... | 73 |
| 9. | Dr. Steyn raak Rof ... ... ... | 86 |
| 10. | Monster by die Venster ... ... ... | 97 |
| 11. | „Ek het jou verwag...Human" ... ... | 104 |


Hoofstuk 1

## WAARLIK 'N WONDERWERK

DIE verweerde swart motor sukkel om behoorlik in die parkeerplek in te kom voor die hoë gebou in Schoemanstraat 200, Pretoria. Dis net na nege-uur—'n vrolike, sonnige oggend, maar nie vir die vier insittendes van die voertuig nie.

Vir drie van hierdie passasiers is hierdie oomblik van stilhou maar net weer 'n verposinkie, een van die ontelbare van die afgelope tien jaar. Hulle het reeds die land, en ook die buiteland, deurkruis op soek na die antwoord, die antwoord wat hulle steeds ontwyk het, op die probleem in die vorm van die patetiese vierde passasier in die motor.

Die vierde passasier is 'n jong man, net 'n rapsie oor die dertig jaar. Maar wat sy ouer broer, sy vader en sy moeder hier by hom in die motor betref, is hy „lewendig dood" en was hy nog steeds so sedert hy, tien lange jare gelede, as skitterende jong student, skielik—so uiters onverwags skielik—so „snaaks" begin word het.

Die een dag was die belowende jong man nog die ene lewenslus en die volgende het hy begin stil word. Dit was 'n geleidelike proses, maar binne maande het sy ouers, sy bure, al sy medemense, nie meer vir Melius Retief bestaan nie. Geen dokter, geen spesialis kon teen sy toestand iets uitrig nie. Al die beste deskundiges, hier en in die buiteland, het die wanhopige familie skouerophalend laat omdraai met die woorde :

„Jammer, jul seun het 'n gesplete persoonlikheid. Daar is geen middel of behandeling daarteen nie. Jammer."

Mev. Maria Retief het selfs na tien jaar se vrugtelose pogings nog nie moed opgegee nie. Hoe kon sy, het sy steeds

gedink. En hoewel sy soms deur Melius liggaamlik aangeval is wanneer hy wild word, het sy steeds gehoop.

En dis toe dat sy van die beroemde dr. Wilder Steyn gehoor het. Die berigte oor hierdie vermaarde breindokter is selfs tot in die uithoeke van die platteland, tot by die Koue Bokveld, versprei. Twee maande gelede het mev. Retief aan dr. Steyn geskryf en die toestand van haar seun sorgvuldig uiteengesit. Dr. Steyn het spoedig laat weet. Hy weet wat dit beteken, hy moes al baie sulke gevalle laat huis toe gaan, ongenees, maar as sy hom net 'n paar weke kans wil gee . . . hy is nou net besig om 'n nuwe apparaat te voltooi. Hierdie toestel, het hy gesê, sal hierdie gevreesde siekte se nek breek. En haar seun Melius sal die eerste pasiënt wees wat met die nuwe proses behandel sal word.

„Eeue lank soek ons al na 'n manier om hierdie gevreesde afwyking te bestry—maar ek meen dat ek nou die oplossing gaan vind."

Vandag, 10 November, om 10 vm. is die bespreekte uur met dr. Wilder Steyn. Die Retiefs is al net na middernag van hul plaas naby die Limpopo weg om betyds hier te wees.

„Is die dokter se plek in hierdie gebou, Stefaans?" vra oubaas Retief vir sy oudste seun wat agter in die motor langs Melius sit.

„Dit is, pa. Dis die Mediese Sentrum. Dr. Steyn is op die tweede verdieping. Ons kan maar solank aanstap want ons sal sukkel om Boet daar te kry. Hy lyk nou sommer weer moeilik."

„Nou toe," antwoord die oubaas. „Laat ons sien wat hierdie man wat jou ma nou weer ontdek het, kan uitrig. Ek is nou net omtrent bankrot betaal . . . As hierdie ou ook niks uitrig nie, sal Boet net eenvoudig in 'n gestig moet kom en daar bly . . . vir altyd."

„Skaam jou, vader," vermaan mev. Retief, terwyl sy beur om haar groot gestalte uit die motor te maneuvreer.

Vader en seun moet die jong Retief by die motor uitsleep en hom styf tussen hulle hou terwyl hulle die hysbakke binne in die gebou nader.

„Kiepersol, die spruit is vol, vol, vol," skreeu Melius



Retief toe hy by die hysbak in gestoot word. Mense staar en 'n ouerige dame spring vinnig uit die hysbak toe sy die wilde gesig van die jong man sien. Maar die Retiefs is al gewoond aan hierdie tonele en binne minute het hulle die jong man in dr. Wilder Steyn se wagkamer.

Melius sak in 'n stoel weg en val weer in die diepste neerslagtigheid terwyl sy kop op sy skouer lê.

Oomblikke later verskyn dr. Wilder Steyn. Hy is 'n groot, lang man, maar hy gly feitlik geruisloos oor die tapyt, en toe die Retiefs hulle weer kom kry, staan hy reeds voor Melius.

„Môre," groet hy met 'n diep musikale stem. „Is dit die jong Retief?"

Die imponerende gestalte van die breindokter, sy treffende Romeinse neus, sy lang wit hande, golwende donker hare, maak 'n diep indruk op die Retiefs.

„Môre, dokter," sê oubaas Retief. „Dis die man. Ek hoop jy rig iets uit met hom, want as jy die eerste dokter is wat hom behandel, dan is jy seker die duisendste."

„Dit sal ek goed glo," sê dr. Steyn. „Sy toestand is sleg . . . amper te ver heen."

„Is daar enige hoop, 'n greintjie kans, dokter, selfs net vir 'n bietjie verligting . . . dat hy ons darem weer sal herken?" vra mev. Retief terwyl sy in haar blink swartleer-handsak vroetel na 'n sakdoek.

Dr. Steyn se welige swart wimpers bult oor sy appelgroen oë. Hy staan nog steeds en kyk na die jong man wat soos 'n bondel wasgoed in die stoel lê.

„Met al die ou middels waarmee gepoog is om hierdie kondisie te bestry, is daar beslis geen hoop nie, mevrou. Maar soos ek jou laat weet het, ek het iets nuuts . . . maar julle sal eers moet teken dat ek geen verantwoordelikheid aanvaar as die ergste gebeur nie."

„Wat sê jy, vrou, sal ons teken?" vra oubaas Retief.

„Dis vreeslik, maar ons sal maar moet," antwoord mev. Retief.

„Nou goed, dan," sê dr. Steyn. „Ek het geen ander afsprake vir vandag nie. Ek wil die hele dag, indien nodig, aan hom bestee. Julle kan maar laat vanmiddag terugkom."

Dr. Steyn laat die Retiefs die vorm van vrywaarding teken. Toe hulle reeds deur se kant toe staan, stap hy na Melius Retief. Die jong man is nog salig onbewus van wat om hom aan die gang is.

Die dokter sak op sy hurke af en plaas 'n hand op Melius se knie. Dan beveel hy met 'n stem wat selfs die ander Retiefs instinkmatig laat voel asof hulle die bevel ook wil uitvoer, so deurdringend seker is dit, so sonder die geringste twyfel dat die bevel uitgevoer sal word.

„Kom, ou vriend."

Melius Retief se oë, glaserig en slap, gaan stadig oop. Hy vat aan die kante van die stoel en kom onseker op die been. Dr. Steyn wys na die deur wat na sy ondersoekkamer lei.

„Daar in," beveel hy verder en Melius gehoorsaam. Oubaas Retief se vingers punt om sy bokbaardjie.

„Hmmm," sê hy. „Dis die eerste een wat so vinnig beheer oor Melius kry. Maar ons sal sien."

Dr. Steyn sluit die deur. Die jong man staan wankelend voor hom. Hy wag gedwee op 'n volgende opdrag.

„Lê op daardie bank daar, op jou rug."

Toe Melius plat op die bank lê, tel dr. Steyn die staaldop wat soos 'n helm lyk en waaraan twee dun elektriese draadjies gekoppel is, op en plaas dit oor Melius Retief se kop.

„Net baie stil lê, grootman, geen gevaar nie; jy sal die stroom elektrisiteit nie eens voel wat deur jou kop sal gaan nie. Goed?"

„Dons maar op, dons maar op, dokter. Ek het al weerligstrale deur my gehad. Dit help alles niks nie. Maar ek moet sê, hier by jou is dit bak. Jy kyk minstens nie na my asof ek deur die duiwel besete is nie."

Dr. Steyn glimlag. Sy papierwit tande lyk asof hulle 'n super-nuwe tandepasta adverteer.

„Mooi so," sê hy sagter. Hy draai na die gesig van die toestel wat langs hom op 'n tafel staan. Hy voel trots op hierdie oomblik. Hy maak seker dat die helm stewig in posisie lê oor die pasiënt se kop, maak dubbel seker dat die geheuetoestel ingestel is sodat hy kan begin presies op



die oomblik toe Retief gebore is. Hy vind alles in orde. Retief lê stil.

Dr. Steyn se hand gly na die skakelaar. Daar is 'n ligte dreuning en Retief se hele liggaam ruk liggies.

En soos jy 'n rolprent draai, begin Retief sy hele lewe te herleef sedert die oomblik toe hy die eerste lig gesien het op 'n stormagtige nag terwyl die vroedvrou en die geneesheer op die eensame plaas gehelp het met sy geboorte.

Dr. Steyn sit roerloos langs hom en kyk na die drama. Retief val weg met die eerste benoude oomblik toe hy die eerste lug in sy klein longetjies trek en begin huil.

Geen oomblik in sy drie-en-dertig jaar word uitgelaat nie. Die toestel van dr. Steyn laat hom alles in die fynste besonderhede herleef.

Die breindokter is hoog in sy skik—dis net wat hy verwag het. Erens, êrens, tussen hierdie twee punte, die oomblik van geboorte en voordat Retief die eerste aanvalle gekry het, dink dr. Steyn, moet die sleutel lê, die leidraad wat die wortel sal blootstel hoekom Retief besluit het om sy persoonlikheid te laat ontbind, te verval in 'n vormlose pappery . . .

Twee keer laat dr. Steyn vir Retief sy hele lewe herleef . . . maar hoewel hy oomblikke, en selfs dae, aantref wat gelaai is met spanning en onsekerheid in die jong man se lewe, kan hy nog nie die eintlike insident kry wat hy soek nie.

Hy skakel die toestel af en raadpleeg weer die uitgebreide beskrywing wat mev. Retief aan hom gestuur het oor die omstandighede en die tydstip toe haar seun die eerste keer „snaaks" geword het, soos sy dit gestel het.

Hy merk dat dit plaasgevind het toe Retief op kollege was, besig om te studeer vir onderwyser. Hy stel die herleeftoestel op sy stadigste spoed, sodat die pasiënt nou alle ervaring op 'n stappie sal moet deurgaan.

Retief lê nou in 'n koma, sy neuspunt regop terwyl sy agterkop op die harde bank rus.

Dr. Steyn skakel weer die stroom aan. Retief begin die deel van sy lewe op kollege herleef . . . daardie eerste aand toe hy alleen in die koshuis op Potchefstroom gesit het . . .

„Ek lê op die smal bedjie. Hier buite om my hoor ek hoe

die ander studente baljaar, hoe hulle besig is om die nuwelinge te ontgroen . . . Maar ek het my deur gesluit en nou lê ek hier met verskeurde hart. Ek haat my pa. Hy het my gedwing na hierdie kollege, het my geforseer om onderwyser te word. *En ek wil boer.* Maar hy wil nie. Daar is nie plek vir my *en* Stefaans op die plaas nie. Ek *moet* onderwyser word . . . ek moet, *moet*, maar ek wil nie. Wat kan ek doen? Hy is 'n harde pa. Selfs ma kon hom nie laat afsien van sy plan nie, hoewel sy hom gesmeek het . . . dat ek nie onderwyser wil word nie, dat hy genadig moet wees . . . Ure lê ek so en rondrol . . . My gedagtes warrel oneindig deur my . . . van slaap is daar geen sprake nie. . . eindelik teen dagbreek . . . maar hier is mos die antwoord, hier vlak by my!

„*Ek raak van my verstand af!*

„Dan sal hulle my mos hier *moet* weg neem . . . en later, as ek herstel het, sal ek kan doen wat ek wil . . . Ek storm by die kamer uit en hardloop soos 'n besetene in die gange rond . . . Ander studente word wakker . . . Hulle sien dat daar 'n skroef los is. Die huisvader kom . . . die dokter kom . . . pa en ma kom . . ."

Dr. Steyn weet dat hy gevind het wat hy gesoek het. Hy hou die jong man dop, sien hoe hy deur die spannende oomblikke gaan, hoe die nuwe persoonlikheid wat hy dié nag daar in die koshuis aangeneem het, hom oorrompel. Hoedat hy, nadat hy seker was dat hy nie weer gedwing sou word om terug te gaan kollege toe nie, alleen op die plaas probeer om daarvan ontslae te raak, tevergeefs . . .

Hy laat Retief hierdie tydperk in sy lewe herleef en herleef en eers in die namiddag is hy tevrede.

Die tiende keer wat Retief die voorval op kollege herleef, in die fynste detail, gee die deurslag en bevry hom van die warboel wat soveel jare in sy onderbewussyn hoogty gevier het.

Nog voordat dr. Steyn dit kan doen, pluk Retief die helm van sy kop af, swaai sy bene met 'n sierlike boog en kom langs dr. Steyn voor die ondersoek-bank op sy voete. Hy omhels dr. Steyn en snik van pure oorwinning.

„Dankie, dankie, duisend maal, dankie . . . Maar wie is jy?" en Retief kyk met sy donker oë in die gesig van die kalme, imponerende man hier voor hom.

Dr. Steyn glimlag tevrede. Hy sê, terwyl hy Retief na 'n stoel nooi: „Steyn—dr. Wilder Steyn, breinarts van Pretoria. Dis vir my ook 'n groot oomblik hierdie . . . jy besef natuurlik nou dat jy gely het aan een van die afwykings wat nog altyd ongeneeslik was."

Retief slaan sy hande saam, sy oë vonkel, hy is nou weer so lus vir die lewe dat hy skaars kan wag om weg te kom uit die spreekkamers. Hy wil net weer voel hoe dit sal wees om vry, op sy eie, die straat af te stap, met die mense te meng, die vars lug in te adem en te *weet* dat *hy* dit doen.

„Dr. Steyn, waar is my mense? Wie het my hier gebring? Het ek nog mense? Terwyl jy my op daardie masjien gehad het, het ek onthou dat hulle my hier ingebring het, maar waar is hulle nou? Dit voel vir my ek het uit die dode opgestaan."

„Stadig nou, Retief. Jou ouers en broer kom jou nou-nou haal. Maar ek moet jou darem net 'n rukkie dophou, hoewel ek nie twyfel dat jy genees is nie."

„Ek ook nie, dokter. En om te dink dat ek al die jare so in die gemors gesit het net omdat ek vergeet het dat ek *self* besluit het om so 'n wrak te word soos ek was!"

Dr. Steyn trek sy wit baadjie uit en nou kan Retief ook sien hoe fris die dokter gebou is, hoe sy onderlyf simmetries pas by die breë skouers en die gespierde nek.

Dertig minute later hoor hulle die voetstappe in die wagkamer. Dr. Steyn kyk na Retief.

„Wag hier, ek sal vir jou wys wanneer om uit te kom. Die skok kan te skielik wees vir hulle."

Dr. Steyn sien die drie gespanne gesigte van die Retiefs waar hulle in die wagkamer kring. Hulle is amper onwillig om hom te vra.

Die breë glimlag oor dr. Steyn se hele gelaat laat hulle oombliklik verlig voel.

„Dan . . . is hy . . . beter?" bars die woorde oor mev. Retief se droë lippe.

„Jul seun is genees," sê dr. Steyn kalm. „Reeds die afgelope veertig minute. Maak gereed om hom te sien."

Dr. Steyn draai om om die jong Retief te laat inkom, maar dit is onnodig want Melius storm self die wagkamer binne. Hy spring sommer tussen sy familie in, hulle aldrie probeer hom eerste gelukwens en die volgende paar oomblikke is daar net verwarring in dr. Steyn se wagkamer.

Oubaas Retief breek eerste weg. Hy gryp dr. Steyn sommer met albei hande aan die skouers en die trane van blydskap rol oor sy bruingebrande wange.

„Dis waarlik 'n wonderwerk wat jy vandag gedoen het, dokter. Geld kan jou nooit hiervoor betaal nie, maar al vra jy my R2,000 sal ek jou dit nog betaal."

„Dis in die haak, Oubaas," sê die dokter. „Dit sal nie soveel kos nie, ek is verheug dat die idee wat ek gehad het, tog werk."

Ook mev. Retief bedank hom hartlik en dis toé dat oubaas Retief eensklaps by die wagkamer uitstap, na die hysbak koers vat en inderhaas af sak grond toe.

Hy voel dat, afgesien van die geld wat hy dr. Steyn wil betaal, hy ook die wêreld moet vertel van die wonderlike ding wat vandag in die Retief-gesin se lewe gekom het. Want na tien jare van probeer, misluk, probeer, misluk, het hy nou eindelik sy seun teruggekry . . . .

Onder, buite die gebou, staan hy 'n oomblik in die skerp middagson. Wat sal die beste metode wees om die mensdom te vertel? peins hy.

*Die pers natuurlik!* Die gedagte hang nog in sy kop toe laat spat hy na Kerkplein waar hy weet dat die koerantkantore geleë is. Hy is binne minute daar en vertel aan 'n verslaggewer die hele storie.

„Bel hom maar self op, kêrels, ek lieg nie vir julle nie."

„Ons sal," antwoord die koerantman en stap na die telefoon. Ure later is die nuus oor dr. Steyn se ontdekking die wêreld in. Oor die radio word die prestasie beskryf. Daar is onderhoude met dr. Steyn, kommentaar van ander wetenskaplikes wat hom loof . . . en daar is 'n suggestie dat hy moontlik vir die Nobelprys in aanmerking sal kom.



Die Retiefs neem lank en swaar afskeid van dr. Steyn. Hulle nooi hom na die plaas en oubaas Retief gee hom 'n tjek vir R500.

„Dis al wat ek op die oomblik aan kontant het, maar as jy meer wil hê, stuur ek dit aan," sê mnr. Retief.

„Dis heeltemal genoeg," antwoord dr. Steyn. „Ek is bly dat ek julle kon help."

Toe hulle weg is, stap dr. Steyn weer na sy ondersoekkamer. Hy het vandag geen ander pasiënte nie. Hy kyk by die venster uit, sien dat daar reeds mense voor die gebou saambondel en sy naam uitroep. Hy klap die venster toe. Hy besluit hy gaan aan die agterkant van die gebou uitglip met die noodtrappe af. Sy motor staan gelukkig anderkant die gebou.

Dis net goed skemer toe hy by sy woning in Brooklyn in oostelike Pretoria kom. Toe hy by die voordeur instap, hoor hy sy vrou by die telefoon.

„Nee, hy is nog nie hier nie," sê sy. „O, wag, daar is hy nou net by die voordeur.

„Hallo, Wilder," groet sy hom. Sy laat die gehoorbuis op die tafeltjie val en draf hom tegemoet. Sy gooi haar arms om sy nek en pleister hom met die soene.

„Geluk, ou man, en is ek trots op jou! Die telefoon lui aanhoudend, en jy het my nooit eens vertel dat jy met so 'n wonderlike masjien aan die gang is nie."

„Dankie, Rina . . . maar sê vir hulle dat ek nie nou kan praat nie . . . Ek is net te uitgeput . . . Dit was 'n harde dag hierdie. Later gesels ons weer."

Rina Steyn kyk bekommerd na haar man. Sy staan lank en lenig voor hom.

„Ek sien jy is moeg," sê sy en spring om, terug na die telefoon. „Ek sal hulle sê."

Hy stap na sy studeerkamer, gooi sy tas op die lessenaar en voordat sy vrou by hom aansluit, neem hy die paar ligte rubberhandskoene wat hy gebruik wanneer hy operasies doen en steek hulle in sy broeksak. Net vir 'n sekonde speel daar 'n suggestie van 'n glimlaggie oor sy gesig, dan hoor hy weer die gelui van die telefoon.